

**Titel: Die Goedheid van God 1**  
**Pastoor: Phillip Boshoff**  
**Datum: 23 Augustus 2009**  
**Tyd: 09:00**



#### **Goedheid en strengheid**

##### **Romeine 11:22 (NV)**

Let dan op die goedheid en strengheid van God: sy strengheid oor die afvalliges, en sy goedheid oor jou. Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe, anders kan jy ook uitgekap word.

#### **Lewe en oorvloed**

##### **Johannes 10:10**

<sup>10</sup>Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

#### **Smaak en sien Sy goedheid**

##### **Psalm 34:8-10**

<sup>8</sup>Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil! <sup>9</sup>Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie. <sup>10</sup>Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.

##### **Psalm 34:10 (NV)**

<sup>10</sup>Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie.

##### **Psalm 34:10 (NKJV)**

<sup>10</sup>The young lions lack and suffer hunger; But those who seek the LORD shall not lack any good thing.

#### **Hy is goedgesind teenoor jou**

##### **Psalm 37:4**

<sup>4</sup>en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.

##### **Psalm 100:5**

<sup>5</sup>Want die HERE is goed; Sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en Sy trou van geslag tot geslag.

#### **Versadiging van die goeie**

##### **Psalm 103:1-5**

<sup>1</sup> 'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! <sup>2</sup>Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! <sup>3</sup>Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, <sup>4</sup>wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, <sup>5</sup>wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.

#### **Goed vir almal**

##### **Psalm 145:8-9**

<sup>8</sup>Genadig en barmhartig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. <sup>9</sup>Die HERE is vir almal goed, en Sy barmhartighede is oor al Sy werke.

##### **Psalm 145:8-9 (NV)**

<sup>8</sup>Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde. <sup>9</sup>Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het.

### **Sy goedheid lei tot bekering**

#### **Romeine 2:4**

God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur Sy goedheid tot bekering wil lei nie?

### **Sy goedheid bring vergifnis**

#### **Psalm 130:3-4**

<sup>3</sup>As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan? <sup>4</sup>Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.